

PASSIE. Miriam-Webster se woordeboek definieer passie as 'n sterk gevoel van opgewondenheid of entoesiasme oor die een of ander saak.

Een van die grootste voorregte wat ons as span by NG Kerk Bloubergstrand het, is om saam met mense te werk wat uiters passievol is oor wat hulle doen en hoe hul werk 'n invloed op mense het. Elmarie kan ure oor musiek dink en daarna luister, daarvoor gesels, saam in 'n span (orkes of koor) daarmee werk sodat daardie musiek 'n hulpmiddel kan wees om mense nader aan God te bring. Wanneer jy Thinus vra of hy nie moeg raak vir al die begrafnisse en pastoraat nie sal hy sê dat hy glo hy juis daarvoor gebore is. Marietjie sal met opgewondenheid vertel oor hoe die tieners haar inspireer en hoop gee vir die land.

Franselene sal ure bestee om 'n beter website te bou (wees in hierdie dae op die uitkyk daarvoor) en Lienie sal met die kleinste detail moeite doen wanneer iemand by die kantoor aanklop oor een of ander navrae. Ook Tamar gaan uit haar pad om meer as een skool se mees weerloosste kinders te bedien en as jy Niel 'n halwe kans gee, sal hy vertel oor die verskil wat gemeenskap (soos Echo) op mense se lewens het. Na 'n volle werkswaek spandeer Arno Saterdag aan orrel oefen, sodat hy voorbereid kan wees op Sondag, en Riaan se konsekwentheid en vriendelikheid in sy werk as koster verklar juis sy entoesiasme.

Dis egter nie net die amptelike bedieningspan by die gemeente wat met soveel passie dien nie. Julle doen ook. Of julle een keer 'n maand 'n kospakkie bring, of 'n aflos-kategeet is of help met die reël van 'n fondsinsameling of dalk selfs net opgewonde is om saam met ander mede-gelowiges op 'n Sondag te kom bedien, ons sien en beleef ook julle passie. Ons het meer as 250 vrywilligers wat by verskillende aspekte en op verskillende maniere in die gemeente betrokke is en dan is dit nie eers julle wat agter die skerms die gemeenskap bedien sonder dat ons daarvan weet nie.

Dit is ook hierdie passie wat 'n groot deel van die toets is wanneer ons biddend vra of ons nog binne God se wil is. Ons vra nie net of dit nog lekker is nie. Want ook die bediening is soms moeilik. Maar ons vra wel: is ons nog oortuig dat hierdie die beste manier is om te bedien? Maak dit ons nog opgewonde? En vir solank ons, as span en kerkraad, hierop "ja" kan antwoord, glo ons dat ons nog op koers is.

Daarom wanneer ons dan, soos hierdie jaar, meer bekommerd as gewoonlik is oor ons begroting, raak ons nie onnodig angstig nie. Ons glo dat ons maar met die geloofsgemeenskap wat ons passies deel, hieroor mag praat.

Ons is trots daarop dat ons jaarliks 'n verantwoordelike en deursigtige begroting saamstel wat ook ruimte los vir droom. Die beginsel waarop ons werk is dat ons gewoonlik vir 'n 3-5% groei begroot op die vorige jaar se werklike inkomste. Dit sluit bankkollekte, maandelikse dankoffers, tiendemaand dankoffers en diverse inkomste soos die verhuring van ons geboue in. In die boekjaar wat Februarie 2018 geëindig het, het ons groei egter nie so gerealiseer nie. Ons inkomste was R 290 000 minder as begroot.

Hierdie tekort kan aan hoofsaaklik twee redes toegeskryf word: 'n Afname in ons maandelikse dankoffers (waar ± 170 persone maandeliks bydrae) asook 'n groot afname in ons tiendemaand dankoffers waar slegs 69 persone bygedra het. (Daar was darem wel 'n effense groei in die bankkollekte, waaroor ons dankbaar is.) In die Februarie 2017 boekjaar het daardie twee fasette om en by R 2.65 miljoen van ons inkomste uitgemaak. In 2018 was dit slegs R 2.35 miljoen. Daar was dus nie net geen groei nie, maar 'n afname van R300 000 in hierdie bydraes.

Ons as kerkraad is deeglik bewus van die feit dat ons in 'n moeilike finansiële seisoen is. Daarom het ons ernstig gewerk om ons uitgawes in die volgende boekjaar in te perk. Ons het geen ekstra fondse begroot vir geboue en toerusting nie (behalwe die absolute noodsaaklike) en die leraars het ingestem om hulle bonusse vir die jaar prys te gee. Salarisverhogings is slegs volgens sinodale voorstelle gedoen en ons het ook van alle kommissie gevra om hulle begrotings te hersien.

Daar is egter wel ook aspekte van die begroting waarop ons weier om in te gee. Op hierdie stadium maak ons diensgetuiens- en sendingbegroting ongeveer 17% van die totale uitgawes uit. Ons is nie bereid om hierop in te perk nie. Die weerloosstes in ons gemeenskap moet die heel laastes wees wat deur ons finansiële situasie benadeel word. Ons is toenemend besig om ons bediening na buite te oriënteer en ons glo dat ons begroting dit moet weerspieël.

Die gevolg van hierdie feite is dat ons nie die gewone 3% groei kon begroot nie en alhoewel ons aan die uitgawes kant reeds baie gaan bespaar, is ons genoodsaak om vir 'n verlies van R 345 000 te begroot. Julle, wat saam met ons lief is vir die gemeente en inkoop in die drome wat ons het, sal verstaan dat dit vir ons 'n groot uitdaging is. Ons het 'n klein bietjie geld in reserwe (amper R 700 000), maar uit die aard van die saak gaan daar binne twee jaar niks meer van oor wees as ons elke jaar so 'n groot verlies ly nie.

Daarom skryf ons hierdie brief vir julle: om met julle ons bekommernisse te deel. Ons vertrou die geloofsgemeenskap volkome. Ons weet dat julle elkeen as dissipel van die Here Jesus inkoop in Sy droom vir ons land en hierdie omgewing. Ons weet ook dat julle lief is vir hierdie spesifieke geloofsgemeenskap en passievol voel oor alles wat hier gebeur en beleef word. Ons wil nie hierdie las alleen dra nie. Ons wil dit in geloof en vertrou saam met die hele geloofsgemeenskap dra – mense wat, soos ons, droom oor die kerk en haar invloed.

Ons nooi julle dus om enige vrae wat julle het met vrymoedigheid aan ons te rig. Ons begroting en finansiële state was en sal altyd oop wees vir enige een om na te kyk. Indien jy belangstel in bietjie meer detail oor wat ons hier beskryf mag jy ook dit aanvra. Ons wil julle egter veral vra om saam met ons te bid. Oor die gemeente, ons bediening, die Here se plan vir die gemeenskap en ons rol daarin en oor hoe ons ons finansies as getroue rentmeesters sal bestuur.

Dankie dat ons met julle hieroor mag praat. Dit is vir ons goed om nie alleen die las te dra nie. As ons wel alles klaar gesê het, mag ons nooit vergeet nie dat:

**“Al wat van belang is, is geloof wat deur liefde in daad oorgaan.”**

Namens die kerkraad

*Ds Thinus*

*Ds Elmarie*

*Ds Marietjie*